DANS HG VRAESTEL 1

AFDELING A

Kandidate het nie altyd gehou by die verlangde stylformaat, soos aangevra in vraag 1 en 2 waar die antwoorde as 'n huldeblyk of koerantartikel moes lees, nie. Die feitlike inhoud het nie die UGO-filosofie weerspieël nie, d.w.s. die toepassing van kennis het kortgekom.

Stellings moet behoorlik gestaaf word, bv. "Balanchine is die beste 20ste-eeuse choreograaf".
So 'n stelling moet gemotiveer word.

Vraag 3&4 is gemik op die kreatiewe en selfreflektiewe vermoëns van leerders. Hierdie vrae is oor die algemeen goed bemeester.

AFDELING B
Kandidate toon 'n kommerwekkende gebrek aan begrip t.o.v. die dansbeginsels van Klassieke Ballet en Kontemporêre Dans. Antwoorde van 'n vergelykende aard toon 'n oningeligtheid en selfs vooroordeel.

AFDELING C
Nieteenstaande 'n merkbare verbetering moet kandidate beter toegerus word t.o.v. musikale kennis en begrip met betrekking tot hulle dansdissipline. Musiek is 'n integrale deel van alle aspekte van dansstudie.

Algemeen: Leerders aan Afrikaanse skole word aangeraai om die vraestel in hulle moedertaal te beantwoord om sodoende meer oortuigend te kommunikeer

---

DANCE HG PAPER 1

SECTION A

Learners did not always stick to the required format in Question 1 and 2 where the answers had to be in the form of a tribute or a newspaper article. The factual content did not always reflect OBE philosophy, in other words the application of knowledge was absent.

Statements should be properly substantiated, e.g. "Balanchine is the best 20th Century choreographer". Such a statement should be justified.

Question 3 and 4 were aimed at the creative and self-reflective abilities of candidates. These questions were generally well answered.

SECTION B

Candidates showed alarming lack of comprehension with regard to the dance principles of classical ballet and contemporary dance. Answers of a comparative nature displayed ignorance and even prejudice.

SECTION C

Notwithstanding a marked improvement, candidates should be better equipped with musical knowledge and comprehension.

With regard to their particular dance discipline, music is an integral part of all aspects of dance study.